

Ds. A. W. C. Bester  
Calvinia  
5 Junie 1973

Onderwerp: Vernuwning deur vervulling  
Pinksterdiens

Lees: Johannes 7 verse 37 tot 46  
Jesaja 44 verse 1 tot 5

Teks: Johannes 7 verse 38 en 39  
Jesaja 44 vers 3

Sing: Gesang 52 vers 6  
Gesang 149 verse 1 en 4

“Broers en Susters, diep in die hart van die mens is daar ’n hunkering na vervulling, al is dit nie bewustelik op vervulling met die Heilige Gees van God gerig nie. Daar bly ’n leemte, ’n rusteloosheid, ’n honger in dié mens se lewe, totdat die Heilige Gees hom laat aansit by God se fees van genade.

“Tog is dit so dat ’n gebrek in die mens self hom kan beroof van die genoë van God se volheid. Baie gelowiges leef in geestelike armoede, honger en onvrugbaarheid. Dit is ’n lewe wat nie net vir hulself tot ’n beskaming en tot ’n verlies is nie, maar wat ook die Heilige Gees bedroef.

“Jesus wil dié hindernisse en versperrings in ons lewens verwyder, sodat ons sy volheid kan ontvang. Hy wil die versperrings wegneem en ons lewens genees en ons diensbaar vir Hom maak.

“Ons ken die ellende en ontberinge wat deur droogte veroorsaak word. Die vrugbaarste land is dan nutteloos vir plante en gesaaides sonder water. Maar let op hoe die landskap opgetower word enkele dae na deurdringende reëns.

“Is daar droogte in u hart? Moontlik moet u bely dat u geloof in God soms wankelig is; dat daar lang tye in u lewe verbygaan sonder dat u in gebed sielsverheffende gemeenskap met God het en krag en troos daaruit put; dat die vlees en sondige natuur nog so dikwels die oorhand in u lewe het.

“Is u bekommerd oor die neerlae en versoekinge in u lewe? Is God se Woord vir u ’n geslote boek? Is u nie meer bekommerd oor die sieleheil van u medemens nie? Is daar ’n skrale oes van die vrug van God se Gees in u lewe, naamlik liefde, blydschap, vrede,

lankmoedigheid, selfbeheersing? Is u persoonlike stiltetyd en huisgodsdienst vir u 'n leë roetine? Skaam u, u om kind van God genoem te word? Dan roep alles in u lewe na vernuwing. Dan is daar 'n behoefte en nood wat om redding roep.

“Vanaand bring ek u die goeie tyding: God staan gereed. God wil help: ‘Want Ek sal water giet op die dorland en strome op die droë grond; Ek sal my Gees op jou kroos giet en my seën op jou nakomelinge. En hulle sal uitspruit tussen die gras in, soos wilgerbome by waterlope.’ (Jes 44:3,4) Met hierdie woorde kondig God die vernuwing en oorfloed vir sy volk aan.

“Broers en Susters, die groot Vernuer van ons lewe het reeds gekom en staan kloppend by die deur van ons hart. Die versoening as grondslag vir ons vernuwing is reeds volbring deur Jesus Christus se dood aan die kruis. Daarbenewens het Hy die lewendmakende Gees vir ons verwerf. Die Heilige Gees is reeds uitgestort en is besig om die heilsweldade van Jesus Christus oor ons lewens uit te giet.

“Waarvoor wag ons dan?

“Wat is hierdie heilsweldade, wat nog vanaand ons deel kan word? Dit is 'n gereinigde gewete; vrede op grond van vergifnis; geloofsekerheid; vrymaking van die mag van die sonde; vrymoedigheid in gebed; krag en vrymoedigheid om te getuig; blydschap in die HERE; en 'n strewe na heiligmaking.

“Broers en Susters, dit is alles u deel as u vanaand die Pottebakker in u lewe toelaat en u hand na God uitsteek: ‘Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.’ (Joh 7:38)

“Lidmate is soms onkundig oor die vervulling met die Heilige Gees. Hulle dink dat dit altyd met 'n krisis gepaard moet gaan. Dit is wel so dat baie gelowiges sulke belewenisse gehad het en dat hulle daarna 'n lewe van groter toewyding en vrugbaarheid gelei het. Maar dit het ook gebeur waar mense na ernstige selfondersoek hulle sondes verafsku en bely het en met opregtheid hulle toevlug na Jesus Christus geneem het; en Jesus se versoening en vergifnis van ganser harte aangeneem het en daarna met oorgegewendheid gesoek het om Jesus Christus se wil in alles te gehoorsaam.

“Dit kan alles gebeur sonder 'n verrukking van sinne of groot opwinding. En ook aan hulle het die Heilige Gees bevestig dat Hy hulle gereinigde harte in besit geneem het en met groot vreugde en blydschap gevul het.

“Broers en Susters, die geheim van vervulling is die gelowige oopstel van die hart vir Jesus Christus; en die gelowige aanvaarding dat Hy van ons besit geneem het: ‘... sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon’ (Ef 3:17)

“Hierdie volheid word openbaar in: die volheid van krag om te getuig, te stry en te oorwin; oorvloed van blydschap; oorvloed van liefde; oorvloed van geesdrif in diens van die HERE; oorvloed van vrede. As ons met die Heilige Gees vervul is, kom Jesus Christus se eienskappe in ons eie lewens na vore: sy gesindheid, karakter, heiligheid en liefde.

“Die geseënde hart moet volgens God se plan vir ander tot ’n seën wees. Die vervulling met die Heilige Gees het ten doel om ons tot diens bekwaam te maak. Dit was opvallend in die lewens van gelowiges in die Bybel.

“Vervulling met die Heilige Gees beteken wel dat mens gelukkig en vrygemaak is. Dit is God se wil dat dit ’n fees word in ons lewens. Maar ons mag nooit alleen in afsondering fees hou nie. Deur ons Heilige Gees besielde vreugdediens wil God dat dit ook in ons naaste se harte fees word.

“Laat ons dan ter wille van die heil van ons kerk en van die wêreld, die vernuwing deur vervulling met God se Gees soek.

“O God, U volheid van liefde en heerlikheid is soos ’n grenslose oseaan. Dankie vir u Seun in Wie die volheid van u Goddelikheid woon en deur Wie ons daardie volheid deelagtig kan word.

“Dankie HERE my God dat die Heilige Gees vir ons die draer van die volheid van Jesus Christus is en ons met daardie volheid vul.

“O God maak ons vol. Laat die Heilige Gees ons diepste en innerlike lewe beset. En HERE gee dat ons lewe ’n fontein sal wees. Laat dit oor ons lippe vloei dat ons u lof en liefde verkondig. Laat ons liggaam ’n tempel vir U wees.

“Here Jesus, laat u kerk met die Heilige Gees gevul wees. Gee dat die volheid van u Gees dwarsdeur die kerk gesoek, gevind, geken en bewys word.

“Amen.”

Byvoegsel:

Beleef jy tans 'n krisis? Lyk dit asof alles om jou op die punt staan om in duie te stort? Maak eerstens seker dat die fondament van jou geestelike huis in orde is. Is jou geloof gevestig in Jesus Christus?

Word die ware Evangelie in jou kerk verkondig? Hou in gedagte dat die meeste kerke in Suid-Afrika deur die Vrymesselary geïnfiltreer is. Hul oogmerk is om 'n skyn van gelowigheid te handhaaf, terwyl hulle werklike doelwit is om gelowiges van God en Jesus Christus te vervreem. Beoordeel die boodskappe van jou kerk ten opsigte van ds. A. W. C. Bester se preke, wat die ware Evangelie verkondig. Nog 'n ware Christenpredikant is dr. Charles Stanley met daaglikse boodskappe op die webwerf:

[www.intouch.org](http://www.intouch.org)

Is daar onbelyde sonde in jou lewe? Dit bring skeiding tussen jou en God. Bely dit voor Jesus Christus en vra dat Hy jou vergewe en bekeer jou van jou sonde. En as jy dieselfde sondes weer begaan, vra Jesus Christus om jou weer te vergewe. In Mattheüs 18 verse 21 en 22 is geskryf: 'Toe kom Petrus na Hom en sê: Here, hoe dikwels sal my broeder teen my sondig en ek hom vergewe? Tot sewe maal toe? Jesus antwoord hom: Ek sê vir jou, nie tot sewe maal toe nie, maar sewentig maal sewe toe.' Jesus wys hiermee daarop dat God se vergifnis en genade onbeperk is. Neem ook deeglik kennis, dat dit ook van ons vereis dat ons mekaar moet vergewe.

Bid dat Jesus Christus jou deur die Heilige Gees sal lei en voorgaan op die pad wat die HERE vir jou bestem het. Luister doelbewus na die Heilige Gees se leiding van oomblik tot oomblik en dag tot dag.

As jy huweliksprobleme ondervind of nie, luister elke dag saam met jou lewensmaat na dr. Stanley se boodskappe en lees saam ds. Bester se preke. Julle kan dit selfs saans saam met julle kinders as huisgodsdiens doen.

Onthou Jesus Christus het gesê: 'Kyk, Ek maak alles nuut.' (Openb 21:5)